# Bid saam

Gebedsgids
no 2 • 2024

## met die Bybelgenootskappe




### 31 Maart – 6 April

**Colombië:** Bid vir die sukses van die eerste vertaling van die Ou Testament in Wayuunaiki. Dit sal die inheemse bevolking van die Wayuu-etniese groep in La Guajira dien. Bid vir die vertalers en hul gesinne en dat die vertaling goed ontvang sal word. Bid vir die onderwysers wat die vertalers oplei.

**Venezuela:** Die situasie in ons land bly onstabiel en lewensomstandighede is ongelooflik moeilik. Bid dat noodsaaklike hulpbronne soos gesondheidsorg, medisyne, water en elektrisiteit toeganklik sal word. Bid dat Bybelvertaling meer Bybels en Bybelgedeeltes sal beskikbaar maak sodat die Woord van God kan voortgaan om te versprei.

**Uruguay:** Die *Breakfast with Jesus*-program help 10 000 kinders wat in uiterste armoede leef, met voeding en geestelike ontwikkeling. Die deel van kos en gepaste Bybelgedeeltes en -leringe, help ons om die onvoorwaardelike liefde van Jesus te beklemtoon. Bid dat die kinders die hand van God in hul lewens sal sien werk en ’n ernstige transformasie sal ervaar.

### 7 April – 13 April

**Argentinië:** Bid vir die vertaling van die Nuwe Testament en Bybelverhale uit die Ou Testament in Argentynse Gebaretaal. Bid ook vir ons projek om inklusiewe publikasies soos Oudiobybels en piktogramme vir kinders met kognitiewe gestremdhede aan te bied.

**Bolivië:** Ons *Message of Hope*-projek is daarop gemik om 2 000 Guaraní-kinders ’n boodskap van hoop te gee deur Bybelse materiaalpakkette te gebruik. Bid dat elke kind wat die pakkie ontvang, geseën sal word. Bid ook vir die vrywilligers wat ons ondersteun en gehelp het om die stelle af te lewer.

**Paraguay:** Baie mense in ons land kan nie Bybels bekostig nie. Bid vir ons projek om Bybels en Bybelgedeeltes aan dié groepe beskikbaar te maak. Bid dat dit hul geloof sal laat groei, en vernietigende kulturele gedrag sal teëwerk. Bid dat toenemend meer mense na Christus sal kom deur na die *Jesus Film* en die *Faith Comes by Hearing*-projek. Bid dat God die donateurs van hierdie projek sal seën.

### 14 April – 20 April

**Brasilië:** Ons *Fostering Values in Schools*-projek hoop om deur bybelse leringe etiese en sosiale waardes te laat herleef. Ons wil ook help om ’n kultuur van vrede binne skoolgemeenskappe te kweek. Bid dat die Brasiliaanse wet meer verdraagsaam sal word teenoor die gebruik van die Bybel in skole.

**Peru:** Bid vir ons projek wat gedrukte Bybelmateriaal gebruik om die duisende mense wat in afgeleë gemeenskappe in die Peruaanse hooglande woon, aan Jesus Christus bekend te stel.  Bid vir die inheemse pastore en leiers wat aan die projek deelneem.




21 April – 27 April

**Ecuador:** Ecuador is die tuiste van sowat 24 000 blindes, en braille is 'n noodsaaklike daagse hulpmiddel vir 'n groot persentasie van dié bevolking. Bid vir ons projek om 12 braille Bybelleesklubs te stig en dat blinde gemeenskappe die liefde van God sal leer ken en direk uit Sy Woord sal leer.

**Chili:** Die *Born to Love*-projek bied professionele bystand om Christelike gesinswaardes onder kinders en tieners te bevorder. Dit fokus op die genesing van gesinsverhoudings en die ontwikkeling van opleiding in die voorkoming van seksuele mishandeling en die genesingsproses van trauma. Bid vir Chileense kinders en hul gesinne sodat hulle die pad na die Here kan vind en hul lewens kan verander.

28 April – 4 Mei

**Noord-Korea:** Bid vir die ekonomiese ontwikkeling van Noord-Korea, aangesien ongeveer 60% van die bevolking in uiterste armoede leef. Bid dat die mense hier toegang tot voedsel en primêre gesondheidsorg sal kry. Bid dat meer mense Christus in hulle harte sal aanvaar en vryheid, vrede en vreugde in Hom sal vind.

**Suid-Korea:** Bid vir Bybelwerk in ons land en vir ons doelwit om Koreaanse kerke te dien. Bid dat ons missie — om God se Woord te deel deur vertaling, publikasie en verskeie programme — suksesvol sal wees. Bid dat dit mense sal help om God se Woord in hul daaglikse lewens uit te leef.

**Japan:** Bid vir die voortgesette sukses van Japannese Bybelwerk terwyl ons poog om God se Woord te versprei en die Evangelie te deel. Bid vir die vertaling van die Bybel in Japannese Gebaretaal, spesifiek vir die vertaalspan en hul gesinne.

5 Mei – 11 Mei

**China Vennootskap:** Bid vir ons projek om Bybelpapier te verskaf ter ondersteuning van die Kerk in China. Meer Bybels moet gedruk en versprei word om behoeftes aan te spreek van die groeiende aantal Chinese mense wat Jesus wil leer ken. Bid vir ons jaarlikse goedkeuring van die owerhede om Bybeldrukpermitte uit te reik. Bid dat die Woord van God lesers sal help met hul begrip en geloof in Jesus Christus.

**Mongolië:** Bid dat ons *Braille Window*-projek lig in die lewens van mense met visuele gestremdhede sal bring. Bid dat hulle sal leer lees en so meer by die Woord van God betrokke sal raak. Bid dat hierdie groep God se lig sal sien en dat die Skrif vir hulle hoop sal gee.

**Singapoer:** Bid vir die sukses van al ons projekte. Bid dat die Bybelgenootskap van Singapoer sal kan voortgaan om die Woord van God aan alle mense beskikbaar te stel deur Bybelvertaling, -publikasie, -verspreiding, -geletterdheidsprogramme,

-betrokkenheid en -voorspraak.

**Nepal:** Slegs sowat 1,76% van ons bevolking is praktiserende Christene. Bid dat ons projekte om landsgenote met die kennis van Christus te bemagtig, wydverspreid en suksesvol sal wees. Bid dat geletterdheid in Nepal sal verbeter en dat meer mense toegang tot die Woord van God sal hê deur ons Bybelwerk.

## 12 Mei – 18 Mei

**Maleisië:** Bid vir ons missie om die Bybel aan alle Maleisiërs beskikbaar te stel. Bid dat ons hulle by die Woord van God kan betrek en dat ons mense van ander geloofsgroepe met die Bybel kan bedien. Bid dat ons 'n nouer verhouding met plaaslike kerke kan hê sodat ons digitale Bybelmateriaal kan produseer wat die behoeftes van die nuwe generasie sal aanspreek.

**Thailand:** Die meerderheid Thaise mense het geen kennis van Christenskap of die Bybel nie. Christene maak slegs 1,2% van meer as 71 miljoen inwoners uit. Bid vir die sukses van ons visie om toe te sien dat elke Thai 'n Bybel het en ook die vaardighede het om dit te gebruik. Bid vir ons vertaling- en verspreidingspogings en voorspraakinisiatiewe en dat ons Thaise Christene sal kan help om die Skrif te verstaan en te waardeer.

**Mianmar:** Bid vir ons volgehoue pogings om die Bybel in die hartstale van al ons land se mense te vertaal. Bid vir ons visie om, in samewerking met ander instansies, Bybelhulpmiddels en die Woord van God in verskeie formate beskikbaar te stel.

## 19 Mei – 25 Mei

**Kambodja:** Ons geletterdheidsprogram, *Learning Through Listening*, spreek ongeletterdheid onder Kambodjane aan. Bid vir die program se impak in die provinsies, vir nuwe strategieë om die program te implementeer, en dat God Sy Woord sal gebruik om verlossing aan studente en geestelike groei aan gelowiges te bring.

**Viëtnam:** Daar is maar 'n klein groepie Boeddhiste in Viëtnam wat deur kommunistiese ideologieë en ekonomiese huursoekers beheer word. Bid vir die beskikbaarheid van die Bybel en die betekenisvolle gebruik daarvan onder die plaaslike burgers asook mense wat in die diasporiese gemeenskappe bly.

**Laos:** Daar is nog baie beperkings op godsdiensvryheid in ons land. Bid dat ons in die toekoms 'n Bybelgenootskapkantoor sal kan stig en dat ons jonger geslagte met Bybelkennis en waardes sal kan bemagtig.

## 26 Mei – 1 Junie

**Noorweë:** Bid steeds vir die Noorse Bybelgenootskap se missie om die Bybel meer vrylik beskikbaar te maak. Bid vir ons doelwit om teen 2025 die Bybel 'n teenwoordigheid in die kerke asook in die publieke sfeer te gee en dit ook sigbaar te maak.

**Finland:** Prys die Here vir die sukses van al geletterdheids-projekte. Bid dat die Finse Bybelgenootskap sy doelwitte kan bereik asook bewusmaking kan bevorder en belangstelling in die Woord van God kan wek. Bid dat al ons huidige programme met sukses voltooi sal word en dat meer Bybels teen bekostigbare pryse versprei kan word.

**Swede:** Bid steeds vir ons personeel en Bybelwerk in ons land, insluitende die vertaling en verspreiding van die Sweedse Bybel. Bid dat meer mense God se Woord in hul hartstaal sal leer ken en dat meer donateurs ons Bybelwerk sal ondersteun.

## 2 Junie – 8 Junie

**Portugal:** Na die sukses van ons digitale transformasiepadkaart, wil ons die volgende stap neem om mense te help om digitaal betrokke te raak by die Bybelteks en ander hulpbronne. Bid dat ons verskillende gehore deur hierdie inisiatief kan bereik.

**Frankryk:** Namate ons land toenemend sekulêr word en Christenskap al meer verwerp word, word Bybelverspreiding 'n toenemende groter uitdaging. Die toepaslikheid van die Woord van God word bevraagteken. Bid dat ons meer harte met die bybelse boodskap kan bereik. Bid vir ons pogings om inklusiewe bybelse hulpmiddels te voorsien soos Bybels wat aangepas is vir mense wat haweloos is, potgooie en boeke vir migrante.

**Spanje:** Die Bybelgenootskap se missie is om enige versperrings te verwyder wat mense kan verhoed om toegang tot die Bybel te hê. Bid vir ons projekte om die Bybelteks te vertaal en te hersien en te werk om




die Skrif in verskillende tale en formate te produseer.

9 Junie – 15 Junie

**Denemarke:** Bid dat meer Dene weer met die Woord van God sal aanklank vind en dat die Bybel 'n groot impak op ons gemeenskappe sal hê. Bid veral vir ons vertaalprojekte en dat Bybelbetrokkenheid sal toeneem, veral onder ons land se jeug.

**Faroëreilande:** Die Faroëse Bybelgenootskap werk in 'n eilandgemeenskap met 54 000 burgers. Bid dat Bybelwerk in ons streek baie lewens sal beïnvloed, en dat ons Bybels en bybelse materiaal in verskeie vertalings en formate kan voorsien.

**Ysland:** Die Yslandse Bybelgenootskap doen voorspraak vir die gebruik, publikasie en verspreiding van die  Bybel. Dit is ook hulle onderneming dat die Bybel altyd in Yslands beskikbaar sal wees en ook teen 'n bekostigbare prys. Bid vir ons pogings om die profiel van die Bybel en Bybelwerk te verhoog en dat Yslandse burgers sal terugkeer na die bladsye van God se Woord.

16 Junie – 22 Junie

**Skotland:** Bid vir die gesondheid en welstand van ons personeel en hul gesinne terwyl ons ywerig werk om die Evangelie van Jesus Christus aan die mense van Skotland te bring. Bid dat die Woord van God onder die jeug sal versprei en in toekomstige geslagte as 'n baken van hoop geag sal word.

**Engeland en Wallis:** Bid dat volgelinge van Jesus oral sal groei in kennis en liefde van God. Bid ook vir leiding sodat die Bybelgenootskap in hierdie snelbewegende tye op nuwe uitdagings en geleenthede kan reageer, op die manier waarop Christus ons roep.

**Noord-Ierland:** Bid asseblief dat ons groei en ontwikkeling in die Bybelgenootskap in Noord-Ierland sal sien terwyl ons werk om die Kerk te dien en te ondersteun. Bid dat meer plaaslike mense by God se Woord betrokke sal raak; 'n liefde en passie vir die Skrif sal ontwikkel; en 'n groeiende hart hê vir die ondersteuning van die wêreldwye Bybelsending.

**Republiek van Ierland:**
In Ierland werk die Nasionale Bybelgenootskap saam met alle Christelike kerke en met individue wat Bybelhulpbronne, eenvoudige gidse, Skrifstudies, hulp en kundigheid verskaf. Ons wil hê almal moet die Woord van God ken en verstaan. Bid asseblief vir die sukses van al ons huidige projekte.

23 Junie – 29 Junie

**België:** Bid vir die Bybelwerk in ons land en dat ons meer harte met die Woord van God sal bereik. Bid vir ons jonger geslagte en dat die Bybel hulle sal aangryp en dat die boodskap van hoop só aan toekomstige geslagte uitgedra sal word.

**Switserland:** Ons dank God vir al die suksesvolle werk wat deur die personeel van die Switserse Bybelgenootskap voltooi is. Bid vir God se seën op ons huidige en toekomstige projekte en 'n spesiale seën op almal wat hard werk om die Evangelie te versprei.

**Nederland en Vlaandere:**
Hou aan om te bid dat die Bybel meer gereeld in ons streke oopgemaak word en dat mense die Bybel as 'n relevante bron vir hul lewens sal sien. Bid ook dat alle kinders die geleentheid kry om van die Bybel te leer en bybelse waardes in hul lewens te implementeer. dS